2024

Gedragskode en Dissiplinêre Beleid vir Leerders

Hierdie gedragskode het ten doel om ‘n gedissiplineerde en doelgerigte skoolomgewing te vestig wat ter bevordering van die instandhouding van die gehalte van onderrig moet wees.

1.1 Respek vir my onderwysers

Ek respekteer onderwysers as my opvoeders en beloof my heelhartige samewerking in alle redelike opdragte wat ek van opvoeders mag ontvang.

1.2 Respek vir nie-onderwyspersoneel, besoekers en mede-leerders

Ek respekteer nie-onderwyspersoneel, besoekers en terreinwerkers en ek sal met respek teenoor hulle optree. Ek besef dat ek my mede-Fichardtparkers moet respekteer. Ek weet dat boelies nie in Fichardtpark welkom is nie en dat my optrede teenoor my mede-skoliere altyd bo verdenking moet wees.

1.3 Erkenning van multikulturele verskille

Ek respekteer mense se individualiteit en sal nie só optree dat ek ander se menswaardigheid aantas nie.

1.4 Respek vir die skoolterrein en skoolfasiliteite

Ek aanvaar medeverantwoordelikheid vir die instandhouding en beskerming van die skoolomgewing en die geriewe van die skool wat tot my voordeel tot stand gebring is. Ek besef ook dat vandalisme van enige aard ‘n ernstige oortreding is en dat dit tot moontlike skorsing kan lei en dat my ouer/voog vir die skade aanspreeklik gehou sal word.

1.5 Gehoorsaamheid aan gedragsreëls

Ek begryp ook dat ‘n skool nie sonder gedragsreëls kan funksioneer nie en daarom lê ek my by die skool se reëls vir leerdergedrag neer. Ek, as leerder, onderneem om die tydrooster van die skool te eerbiedig deur stiptelik by die aanvang van die skooldag en elke periode, waarby ek betrokke is, teenwoordig te wees. Ek aanvaar die gesag van dissiplinêre hoofde, onderwysers en die leerderraad en sal my aan toepaslike strawwe indien ek enige skoolreëls sou oortree, onderwerp.

Ek besef dat verpligte skoolbesoek ‘n vereiste vir my vordering is. Indien ek afwesig is, moet my ouer/voog ‘n brief/mediese sertifikaat aan die registeronderwyser stuur. Hierdie brief/sertifikaat moet die eerste dag, na my terugkeer, ingehandig word. Indien moontlik kan ‘n e-pos na (ontvangs@fpark.co.za) gestuur of die skool moet telefonies (051 522 6927) van die betrokke afwesigheid op dieselfde dag van afwesigheid verwittig word.

Ek neem kennis dat die skooltye tussen 07:25 en 14:00 is [Vrydae ook tot 14:00]. Ek sal daarom voor 07:25 by die skool wees sodat die skool stiptelik om 07:30 kan begin. Indien ek laat is, moet ek eers by die kantoor aanmeld.

Ek sal nie die skool gedurende skoolure verlaat nie, tensy ek in uitsonderlike gevalle by die skoolhoof/adjunkhoofde toestemming verkry het. Indien ek by die skool ongesteld raak, sal ek by die kantoor aanmeld sodat my ouer/voog (vanuit die kantoor) gekontak kan word. Ek sal nie my Ouers / Voogde eerste per WA kontak en dan net opdaag by die kantoor om uitgeteken te word nie. Ek kan slegs die skoolterrein verlaat as ‘n ouer/voog my vergesel.

Indien my ouers my vroeër by die skool aflaai, sal ek nie die skoolterrein verlaat nie.

Mediese en ander afsprake, gedurende skoolure, moet tot die minimum beperk word. Toestemming, vir hierdie afsprake, moet by die skoolhoof verkry word.

Ek sal my samewerking gee sodat klaswisseling ordelik sal geskied. Indien ek ‘n klas gedurende klastyd moet verlaat, moet ek te alle tye in besit van ‘n toestemmingskaartjie [sg. Loopkaart] van die betrokke onderwyser wees.

1.6 Voorkoms

Omdat skooldrag en gepaardgaande voorkomsreëls tradisionele waardes van die skool en gemeenskap verteenwoordig, sal ek die skooldrag met trots dra en die voorskrifte van persoonlike voorkoms van die skoolreëls nakom.

1.7 Buitemuurse aktiwiteite

Ek besef die vormingswaarde van sport, kulturele aktiwiteite, akademiese en sosiale uitstappies en wil graag as ‘n aktiewe deelnemer of lojale ondersteuner betrokke wees. Om ‘n positiewe beeld van die skool te skep, word van my verwag om my volle skooldrag by amptelike skoolfunksies, -geleenthede en sportbyeenkomste te dra.

Ter wille van dissipline en die skool se goeie naam, besef ek dat skoolrëels ook tydens enige skooluitstappies of -toere geld.

1.8 Veiligheid

Ter wille van almal se veiligheid, sal ek die gebruiksvoorskrifte vir laboratoria, rekenaarlokale en klaskamers, wat op leerderveiligheid gemik is, eerbiedig. Ek sal die Noodplan van die skool ernstig opneem en my weerhou van enige optrede wat die veiligheid van my mede-skoliere en personeel kan bedreig.

1.9 Akademiese aangeleenthede

Ek, as leerder, kan alleen by onderwys baat vind, indien ek by leergebeure betrokke raak. Daarom sal ek, wanneer dit van my verwag word, positief aan klaskameraktiwiteite deelneem. Ek keur gedrag, wat ontwrigtend op die onderrigproses is, af.

As ek gedurende toetsdag afwesig is, is dit my, die leerder, se verantwoordelikheid om die onderwyser van my afwesigheid in te lig. Ek weet dat ek toegelaat sal word om ‘n **afwesigheidstoets** op die eerste Vrydagmiddag (na my terugkeer) om 14:00 te skryf. Hierdie reëling geld slegs indien ‘n mediese sertifikaat ingedien word of wanneer daar ‘n reëling met die skoolhoof getref is. Ek weet dat indien ek hierdie toetsbeurt mis, ek geen verdere geleenthede sal kry nie.

Omdat ek my mede-skoliere respekteer en hul die geleentheid gun om hul eksamen in stilte af te lê, besef ek dat daar in eksamentye van my verwag sal word om die gebied rondom die saal en ander skryflokale te vermy.

Ek besef dat indien ek ‘n selfoon sonder toestemming van die Onderwyser tydens klastyd misbruik, kan dit gekonfiskeer word vir die dag verder en sal onmiddellik detensie opgelê word.

1.10 Skoolvoorraad en skoolterrein

Ek sal al my handboeke, wat gratis aan my voorsien word, netjies met plastiek of “DC fix” oortrek en dit goed oppas sodat dit weer deur ander leerders gebruik kan word. My werkboeke sal netjies oorgetrek wees en op datum gehou word. Ek sal slegs ‘n tas met stewige wande en afskortings wat my boeke kan beskerm, gebruik. Ek sal geen slagspreuke, plakkers of ander ongewenste versierings op my tas aanbring nie.

Ek besef dat die area voor die kantoorblok en die voorportaal vir leerders verbode is. Leerders mag die voorportaal, slegs met die nodige toestemming van personeel, betree. Indien die leerder nie onmiddellik deur kantoorpersoneel hoof/adjunkhoofde, gehelp kan word nie (behalwe in noodgevalle), moet die leerder voorlopig na die klas terugkeer. Ek besef ook dat die wag-area (kantoorkompleks) en stoele in die wag-area slegs vir besoekers beskore is.

Ek sal help om toe te sien dat sportfasiliteite slegs deur leerders en personeel van ons skool gebruik word. Ek sal onder geen omstandighede pouses en voor skool by die Omni-sentrum vergader nie. Ek sal ook wegbly van die pawiljoene, blombeddings, die ingange van die skool en die area om die Omni-sentrum.

Ek besef ook dat geen leerder naby motors van personeel, besoekers of mede-leerders toegelaat sal word nie. Indien ek my / my ouers se voertuig op die skoolterrein gebruik, mag dit slegs wees as ek die voertuig by die kantoor aangemeld het, registrasie nommer gegee het en dit op eie verantwoordelik op terrein hanteer. Die skool dra geen verantwoordelikheid vir skade aan jou / ouers se voertuig op die skoolterrein nie. Ek besef ook dat as ek enige voertuig op die skoolgronde beskadig, my ouer/voog vir die herstel van die skade verantwoordelik gehou sal word.

Slegs leerders met 'n geldige bestuurslisensie en in besit van 'n wettige ‘parkeerskyfie’, erkenning vanuit kantoor, sal op die skoolterrein toegelaat word.

Voor skool of gedurende pouses sal ek slegs met die toestemming van 'n personeellid / Leerderraadslid op die middelste of boonste vlakke van die skoolgebou wees, behalwe as ek die badkamers op die eerste vloer gebruik.

1.11 Wangedrag

Ek het besef dat **Rook (sigarette, dagga, ”vape” ens.)** of die gebruik of besit van **alkohol** of enige **afhanklikheidsvormende middel** op die skoolgronde of in my skooldrag, buite die skoolgronde, verbode is. Ek begryp dat ek myself met sodanige oortreding blootstel aan

tydelike of permanente **opskorting van my toelating. Ek onderwerp my ook aan sporadiese ondersoeke vir ontoelaatbare middels soos deur die skoolbestuur en wetstoepassers gereël.**

Ek besef dat my toelating ook opgeskort kan word as ek my skuldig maak aan ernstige of opsetlike beskadiging van eiendom, aanranding, herhaalde oortreding van skoolrëels of indien ek ‘n onvermoë openbaar om volgens die etos (gees en karakter) van die skool op te tree.

Ek weet ook dat ek eksamentoelating geweier kan word as ek vir meer as 10 dae sonder toestemming of ‘n reëling met die skoolhoof, afwesig was.

1.12 Netheid

Ek onderneem om altyd netjies, skoon, korrekte **skooldrag** na alle skoolaktiwiteite te dra. ‘n Langmoutrui mag nie sonder ‘n skoolbaadjie gedra word nie.

Ek weet ook dat my **skoolbaadjie** met trots gedra moet word, en daarom sal ek dit nooit saam met enige ander klere behalwe my skooldrag dra nie.

Wanneer my skool aan kompetisies deelneem, sal ek die korrekte skooldrag, **sportdrag** en/of skoolsweetpak sonder enige juweliersware of grimering dra. Ek weet dat my skoolsweetpak uit ‘n Fichardtpark sweetpakbroek en -baadjie bestaan. Geen swart sweetpakbroeke of enige ander sportbroeke mag saam met my skool se sweetpakbaadjie gedra word nie.

Skoolsweetpakke as skooldrag is verbode. Dit is elke leerder se verantwoordelikheid om te verseker dat sy/haar skoolklere vir die daaropvolgende dag beskikbaar en gereed is. Ek sal slegs my skoolsweetpak gedurende skoolure met toestemming van my sportafrigter / Vakonderwyser dra, met voorwaarde dat my sportgeleentheid direk na skool plaasvind of as daar ‘n reëling met die skoolhoof getref is.

As ek ‘n sigbare **tatoeëermerk** het, sal ek dit met ‘n vleeskleurige pleister of kledingstuk bv. langmouhemp (skoolhemp) bedek. Ek weet ook dat die tatoeëermerk ook nie sigbaar mag wees as ek die skool op die sportveld verteenwoordig nie.

Ek besef dat dieselfde skoolrëels aangaande netheid en voorkoms op “**Civvie-dae**” ook geld.

Ek weet dat ek geen **kougom** mag kou as ek my skoolklere dra nie.

Ek, as **seun**, sal sorg dat my **hare** skoon, netjies en goed versorg is. Ek sal sorg dat my hare kort om die ore en twee vingers (2 cm) agter in my nek weggeskeer is. As my kuif vorentoe gekam word, sal dit bokant die wenkbroue wees. Ek sal my hare nie kleur nie. Ek weet die sogenaamde “double cut/under cut” en “mohawk” nie toelaatbaar is nie. Ek mag slegs my hare gel as dit korter as 2 cm is. Ek sal sorg dat die haarsnit geleidelik van kort na lank geskeer word en geen skielike oorgang langs en agter my kop sal wees nie. Ek sal ook sorg dat daar geen patrone / snitte in my haarstyl of wenkbroue vertoon nie.

Ek sal geen **oorbelle** dra nie.

Ek sal nie my **skoolbroeke** se pype vernou, oormatig verkort of met my hande in die broeksakke loop of staan nie.

As ek **lapelwapens** sou dra, sal ek alle akademiese erkennings op die linkerlapel van die skoolbaadjie bo die skoolwapen dra. Enige sport- of kultuurerkennings sal ek op die

regterlapel van die skoolbaadjie dra. Net die betrokke jaar se wapens/erkennings en tekens sal toegelaat word.

Ek sal swart **skoolskoene** met veters en sonder kleurinsetsels dra. Slegs grys **sokkies** mag saam met my langbroek gedra word. As ek verkies om ‘n kortbroek te dra, moet ek lang, grys Fichardtpark-kouse (met die blou strepie) dra. Ek besef dat ek geen wit/swart/gekleurde of “secret socks” saam met my skoolklere mag dra nie.

Ek sal, as seun, 'n **swart skoolgordel** [‘belt’] by my grys langbroek dra.

Ek sal elke dag **skoon geskeer** wees en my “sidies” sal nie langer as die middel van my oor wees nie. Ek besef dat ek met ‘n strafkaart gestraf sal word indien ek ongeskeer by die skool sou opdaag. Ek verstaan ook dat die skool van my kan verwag om dadelik te gaan skeer.

Ek, as **dogter**, sal sorg dat my **hare** skoon, versorg en netjies is. Ek sal nie my hare kleur nie. Ek sal ‘n eenvoudige skoolstyl, wat maklik netjies gehou kan word, dra. Ek begryp dat so ‘n styl aan die volgende vereistes moet voldoen: ‘n Kuif mag nie aan wenkbroue raak nie en as dit lank is, word dit op so ‘n manier gedra dat dit heeldag netjies kan bly (teruggekam of vasgesteek, geen ‘slierte’ langs die kop nie). ‘n Poniestert word agter die kop gedra en nie bo-op nie. As hare gekartel (ge-“frizz”) is, word die poniestert bo en onder vasgemaak of gevleg. Hare wat agter langer as die onderste deel van die hempkraag is, word vasgebind. Ek sal ook sorg dat daar geen patrone / snitte in my haarstyl of wenkbroue sal vertoon nie.

Haarlinte en/of haarbykomstighede moet wit, swart of blou wees en knippies moet slegs wit, swart of bruin wees. Enige haarverlengings [‘extentions’] moet die kleur van my natuurlike haarkleur wees.

Ek sal sorg dat my **naels** netjies, goedversorg en prakties is en nie meer as 2 mm by my vingerpunte verbysteek nie. Ek sal slegs kleurlose naellak dra.

Ek sal nie enige vorm van **grimering** dra nie. Ek sal **oorbelle** beperk tot een goue of silwer dun oorringetjie (sonder versierings) in my oorlelletjie (of een ‘stud”). Indien ek enige ander **gaatjies in my** ore het (behalwe een in my oorlelletjie) sal ek sorg dat dit met ‘n vleeskleurige pleister toegeplak word. Ek weet dat geen neus- of tonggaatjies/ringetjies (“studs”) toegelaat word nie. Slegs mediese kettings om my arm of my nek word toegelaat.

Ek sal slegs ‘n swart **skoolskoen** met ‘n klein gespe of ‘n swart toerygskoen dra. My skoen moet ‘n lae hak en dun sole hê.

In die somer sal ek ‘n skoon wit **skoolsokkie** sonder enige kleurinsetsels of geskrewe slagspreuke, dra. Ek sal my sokkies omvou sodat dit nie meer as 8cm van die bo-rant van my skoen af is nie. Ek sal nie my sokkies optrek nie. In die winter sal ek slegs vlootblou sykouse dra. Ek sal sorg dat geen ander korter sokkies, wat ek onder my **sykouse** dra, sigbaar is nie. My sykouse sal altyd netjies vertoon. Die lengte van my **skoolrok** is nie korter as 15 cm bokant die knie (in ‘n knielende posisie gemeet). Geen godsdienstige **juwele of horlosies** met versierings word toegelaat nie.

Sou ek verkies om ‘n vlootblou ‘**ski- pants**” onder my rok te dra, is dit in orde solank dit nie sigbaar is nie.

Ek onderwerp my aan die beslissing van die netheidskomitee en verstaan dat die komitee se beslissing finaal is.

(Daar sal 'n gesprek met matrikulante rakende matriekdrag en netheidsaspekte gevoer word.)

1.13 Afwesighede

Indien ek die toets vir ‘n leerlinglisensie moet aflê, is ek slegs geregtig op een geleentheid tydens skooltyd. Dieselfde reël geld ook vir die aansoek om ‘n paspoort of ID-dokument.

Indien ek ‘n patroon van afwesigheid toon / ‘n dag afwesig is sonder enige kennisgewing op die dag van afwesigheid of verskoning / briefie die volgende dag kan toon nie, tree die volgende maatreëls teen my in werking:

a. My ouers word geskakel.

b. Ek sal 'n Kontrolekaart (Rooikaart) ontvang wat my teenwoordigheid / gedrag per periode vir 10 dae gaan kontroleer.

c. Indien die patroon van afwesighede sonder verskoning voortduur, sal ek voor die dissiplinêre komitee verskyn.

1.14 Tugprosedure

Ek onderwerp my aan die onderstaande prosedure wat in my en die skool se belang is:

- Alle oortredings word op die skool se strafkaartstelsel (vir rekordhouding – akademiese sowel as gedragoortredings) aangeteken.
- Ek kan op grond van my negatiewe gedragsrekord;
  - na die `**sinbin**` [‘n gekose lokaal] verwys word waar ek onder toesig tydelik uit die klas verwyder sal word.
  - 'n **detensie** opgelê word as ek 150 punte teen my aangeteken het en dit sal op Vrydagmiddae / Eksamentye plaasvind.
  - na die tugkomitee vir verdere optrede verwys word. My ouers en ek sal tydens die tugverhoor die kans gebied word om ook my saak te stel en ons mag gebruik maak van regshulp op eie kostes. Verteenwoordigers van die Beheerliggaam het ook die reg om die tugkomitee by enige van die verhore te ondersteun. Verdere optrede soos **tydelike of permanente skorsing** kan onder andere deur die tugkomitee teen my opgelê word indien ek ‘n derde detensie moes sit.

  Ernstige oortredings kan onmiddellik deur die Dissiplinêre Hoof, skoolhoof en adjunkhoofde hanteer word en kan tot onmiddellike tydelike skorsing lei tot en met die verhoor deur die tugkomitee plaasvind.